ZAMBESI TENNISKLUB

ZAMBESI TENNIS CLUB

RANGLYS EN PROEF DAAGREëLS

RANKING AND TRIAL CHALLENGE RULES

1. Na afloop van die 2020 klubkampioenskappe is ’n ranglys van lede, gegrond op die uitslae, op die klub se webtuiste gepubliseer. Ligaspanne sal in 2020 streng volgens die ranglys gekies word.

   After completion of the 2020 club championships a ranking list of members based on the results was published on the website. League teams will be selected strictly according to the ranking list.

2. Vir die tydperk tussen die klubkampioenskappe en die gemengde liga (middel Maart tot einde April), verkry alle lede op die ranglys ’n **vrydaag**, wat hulle in staat sal stel om hul posisie op die ranglys te verbeter. Lede wat nie op die ranglys verskyn nie, verkry ook ’n **vrydaag**, wat hulle in enige daagperiode kan uitoefen. ’n **Vrydaag** kan dus jaarliks slegs eenmalig uitgeoefen word.

   *All members receives a **free challenge** for the period between the club championships and the mixed league (mid March until end April) that will enable them to improve their position on the ranking list. Members who do not appear on the ranking list also receive a **free challenge**, which they may use during any challenge period. A **free challenge** may therefore be used annually once-off.*

3. Lede kan met ’n **vrydaag** enige lid (in die geval van enkelspel), of enige 3 lede wat opeenvolgend op die ranglys verskyn (met dubbelspel), uitdaag, met dien verstande dat indien die uitdager verloor, hy of sy daarna tot ’n **gewone daag** beperk sal word.

   *With a **free challenge** members may challenge any member (with singles), or any three members who appear in consecutive positions on the ranking list (with doubles), provided that if the challenger looses, he or she will be limited thereafter to a **common challenge**.*

4. Daagwedstryde ten opsigte van die boonste 4 posisies op die mansranglys en die boonste 2 posisies op die damesranglys moet deur middel van enkelspel (2 gewone valbylpot stelle en waar nodig ’n beslissende 10-punt valbylpot) geskied. ’n Lid laer op die ranglys wat met enkels uitgedaag word, kan kies dat die daagwedstryd by wyse van dubbelspel beslis word.

Challenge games in respect of the top 4 positions on the men's ranking list and the top 2 positions on the ladies' ranking list shall be determined by means of singles (2 regular tiebreak sets and where necessary a decisive 10-point tiebreak) only. A member ranked lower on the list, who is challenged to a singles match, may elect that the challenge match is played in doubles format.

5. 'n Lid wat wil daag moet die ligasekretaris skriftelik (met inbegrip van WhatsApp) daarvan inlig, waarna 'n daag geregistreer sal word. Die uitdager moet met die uitgedaagde(s) 'n gepaste tyd reël wanneer die daagwedstryd sal plaasvind. 'n Daagwedstryd moet voor of op die 2de Saterdag na die daag geregistreer is, gespeel word.

A member who wants to challenge must inform the league secretary in writing (including via WhatsApp) thereof, whereafter a challenge will be registered. The challenger must arrange with the challenged member(s) a suitable time for the match. A challenge match must be played before or on the 2nd Saturday after the challenge was registered.

6. Elke lid verkry ook jaarliks minstens 2 kanse om 'n **gewone daag** uit te oefen. Die gewone daag moet tydens 'n **daagperiode** uitgeoefen word, te wete-

   6.1 Tussen die klubkampioenskappe en die gemengde liga;

   6.2 Tussen die gemengde liga en die mans- & damesliga (Junie tot middel Julie);

   6.3 Na die mans- & damesliga tot die einde van die jaar (September tot Desember).

   Every member also receives annually 2 opportunities to exercise a common challenge, which must be used during a challenge period, to wit-

   6.1 Between the club championships and the mixed league;

   6.2 Between the mixed league and the men's & ladies' league (June to mid July);

   6.3 After the men's & ladies' league until the end of the year (September to December).

7. Tydens 'n **gewone daag** kan die uitdager slegs persone wat binne 3 plekke bo hom of haar op die ranglys verskyn uitdaag. Nadat 'n lid vir 'n tweede keer in een kalender jaar onsuksesvol was met 'n **gewone daag**, kan hy of sy nie weer in die betrokke kalender jaar daag nie.

*During a **common challenge** the challenger may only challenge persons within 3 places above him or her on the ranking list. After a member was for a second time during the calendar year unsuccessful with a **common challenge**, he or she may not challenge again during such calendar year.*

8. Waar die uitgedaagde tydens ’n **gewone daag** die keuse van dubbelspel uitoefen, moet die uitdager 2 addisionele spelers daag om aan die dubbelspel daagwedstryd deel te neem. Al die betrokke spelers se posisies moet egter opeenvolgend op die ranglys verskyn, bv. 6, 7, 8 & 9.

   *If the challenged member elects during a **common challenge** to play the challenge match in doubles format, the challenger must challenge 2 additional players to partake in the challenge match. However, all the players involved must hold consecutive positions on the ranking list, e.g. 6, 7, 8 & 9.*

9. Dubbelspel daagwedstryde word oor 24 potte (3 X rondtes van 8 potte) op ’n rondomtalie-basis beslis:

   9.1 Elke speler speel ’n rondte van 8 potte saam met elke ander speler. In die eerste rondte speel die hoogste en laagste gekeurde spelers saam, bv. 6&9 teen 7&8, daarna die hoogste en tweede laagste (6&8 teen 7&9) en laastens speel die twee hoogstes saam (6&7 teen 8&9). Indien die telling 4 spelle elk is aan die einde van ’n rondte, word die rondte deur ’n 7-punt valbylpot beslis – die wenners kry ’n ekstra punt (5-4).

   9.2 Elke speler moet die potte wat hy of sy in elke rondte gewen het, bymekaar tel. Die nuwe posisies op die ranglys word daarvolgens bepaal. Indien twee of meer spelers egter ewe veel potte gewen het, behou die speler wat aanvanklik hoër op die ranglys was sy of haar posisie.

   Doubles challenge matches are determined in a round robin format over 24 games (3 X rounds of 8 games):

   9.1 Every player plays one round of 8 games with every other player. In the first round the highest and lowest ranked players play together, e.g. 6&9 versus 7&8, thereafter the highest and second lowest (6&8 versus 7&9) and finally the two highest ranked players (6&7 versus 8&9). If the score is 4 games each at the end of the round, a 7-point tiebreak will determine the winners, who will receive an additional point (5-4).

   9.2 Every player must add up the games that he or she won in each round. The new positions on the ranking list will be determined thereby. Where

two or more players won the same number of games, the higher ranked player will retain his or her position.

10. Die uitslag van daagwedstryde moet skriftelik deur die uitdager aan die ligasekretaris gekommunikeer word.

    The result of the challenge game must be communicated in writing to the league secretary.